Nuusbrief 1/2010 **22 Januarie 2010**

Aan lede van die Waterberg Bonsaiklub, vriende en belangstellendes

VORIGE BYEENKOMS (16Januarie 2010)

Jy kort dalk ‘n tak op ‘n spesifieke plek aan ‘n boom en die “problem” kan soms opgelos word deur ‘n tak op die boom te ent. Daar is verskeie metodes van enting en ente werk op verskeie spesies. Dit is gelukkig nie nodig om die wiel op die gebied te herontdek nie aangesien daar al heelwat oor die onderwerp geskryf is. Verskeie skrywers gee ook in bonsaiboeke aandag aan die saak. Belangrik in die proses is om seker te maak dat die kambiumlaag van beide die stam en die tak wat ge-ent word, oop is en dat dit presies en onbeweeglik oormekaar pas in die ent.

Ian Pringle het ons Saterdag ingelei in die proses van enting toe hy gewys het hoe ente op ‘n kremetart gedoen kan wordf. Hy en Johan Ras het al redelike sukses behaal met ente op kremetarte. Baie dankie Ian. Dit was leersaam en ons sal dit verder beproef.

Verjaarsdae; Gido Demendoca (8 Februarie) en Maryna Hatting (18 Februarie) is gelukgewens met hul komende verjaarsdae.

JAARVERGADERING
Alhoewel die Klub nog nie ‘n konstitusie het nie, is die vergadering as ‘n jaarvergadering ingeklee en verslag is gedoen oor die afgelope jaar se gebeure.

- **Verslag oor 2009**
  Ian Pringle, Onder-voorsitter van die Klub, het die verslag opgestel en verslag is gelewer oor die aktiwiteite die afgelope jaar. Gedurende die jaar het ons 10 keer bymekaar gekom, een uitstalling is in Mookgophong gehou. Ons het ses besoekers van die Rand gehad, nl
    - Erika en Fred Kohler en Sylvia en Andre de Bruin wat gewys het hoe word landskappe geskep.
    - Attie Louw het sy kundigheid oor acacias as bonsai met ons gedeel.
    - Prof Gareth Bath het vir ons kom wys hoe inheemse vetplante as bonsai gebruik kan word.

  Tydens die Februarie-byeenkoms is die lede in Bela Bela besoek. In Desember het die Klub sy eerste “dig” gehou maar aangesien die datum rondgeskuif moes word as gevolg van die reën, het net ‘n paar lede die geleentheid bygewoon. Dank is uitgespreek teenoor almal wat gedurende die jaar voorleggings tydens klubbyeenkomste gemaak het.

  Ons het die jaar afgesluit met 34 lede. Aan die einde van 2008 het ons 28 lede gehad.

  Die verslag is by Ian Pringle of Hansie Bekker beskikbaar.

- **Finansiële verslag 2009**
  Die verkoop van ‘n klompie potte, bome, die uitstallings en die groter ledetal, het gehelp dat die Klub die jaar met ‘n positiewe balans van R3 649.00 kon afsluit. Heelwat boeke en tydskrifte is gedurende die jaar aangekoop vir die Klubbiblioteek en die Klub het die kongresgelde vir drie persone betaal. Die verslag is beskikbaar by Hansie of Ian.

- **Begroting vir 2010.**
  Die Begroting vir 2010 is voorgelê en goedgekeur. Die begroting is gebaseer op 26 lede. Ons het in die vorige jaar 22 "aktiewe" lede gehad wat byeenkomste bygewoon het en van die ander het reeds aangedui dat hulle nie verder betrokke sal wees nie. Daar word begroot vir 'n inkomste uit ledegeld, "raffles", die uitstalling en die verkoop van bonsaipotte en gereedskap. Die begroting is beskikbaar by Hansie of Ian.

- **Vasstelling van ledegelde vir 2010**
  Daar is besluit om die ledegelde vir 2010 onveranderd te laat op R150.00 vir lede, R200.00 vir families en R75.00 vir skoolgaande kinders en studente. Persone wat later in die jaar by die Klub aanmeld en wil aansluit as lede, sal 'n verminderde ledegeld betaal, nl. 80% na 1 April, 60% na 1 Julie en 35% na 1 Oktober.
  Verversings: Daar is ook besluit dat lede voortaan 'n R5.00 donasie vir die verversings by elke vergadering moet maak.

- **Verkiesing van bestuur - 2010.**
  Die volgende persone is vir 2010 onbestrede herverkies op die bestuur:
  Voorsitter : Hansie Bekker **Onder-Voorsitter:** Ian Pringle
  Willus Knipe Elize Bekker
  Lede sal waar nodig vir bepaalde sake betrek word.

LIDMAATSKAP
Soos te wagte by enige Klub is daar lede wat kom en gaan. Baie welkom aan Tjaart du Plessis van Modimolle wat die byeenkoms bygewoon het en dadelik besluit he tom aan te sluit. Ons hoop hy gaan dit geniet by die Klub en dat ons by mekaar sal leer.

LEDEGELDE VIR 2010
Die ledegelde vir 2010 is nou betaalbaar en lede word aangemoedig om dit so gou moontlik te betaal. Dankie aan die lede wat dit reeds tydens die Januarie-vergadering betaal het.

BIBLIOTEEK
Die biblioteek is beskikbaar vir gebruik deur alle lede en daar is 'n wye verskeidenheid boeke en tydskrifte waaruit waardevolle inligting bekom kan word. Daar is twee nuwe boeke en 34 tydskrifte bygevoeg by ons versameling. Geniet dit.

MAANDELIKSE TREKKING / "RAFFLE"
Die maandelikse trekkings gaan voort. Baie dankie aan almal wat items bring vir die "raffle".

Die koste van kaartjies is R5 / kaartjie of R10 / 3 kaartjies. Lede is welkom om enige items vir die trekking te bring.

TREKKING VIR WITSTINKHOUT / Wildelaventel
"Dereck het 'n groot Witstinkhout aan die die Klub geskenk wat vanjaar oor 'n tydperk van elf maande binne die Klub uitgeloot moet word ten bate van ons biblioteek. Die doel hiermee is om aan iemand in die Klub 'n mooi boom te gee en om ons biblioteek verder uit te brei."

Nota: Aangesien ons bekommerd was oor die boom se gesondheid, het Derreck besluit om die boom met 'n **Wildelaventelboom (*Heteropyxis natalensis*)** te vervang.

Alhoewel ons die boom graag by een van ons klublede wil sien, het die Komitee besluit dat lede tot Julie kaartjies @R20.00 stuk kan koop maar dat aanwesiges tydens die die Brat – dag op 31 Julie ook die geleentheid gegee moet word om kaartjies te koop. Die trekking sal dan daar gedoen word.

WERKSWINKELS
Om lede te help met hul bome, is daar besluit dat die werkswinkel voortaan vanaf 12:00 tot 13:30 gehou sal word. Dit sal lede die geleentheid gee om self aan hul bome te werk onder leiding van senior kwekers. Die proigram vir die dag sal dus nou soos volg lyk:

- 12:00 – 13:30: Werkswinkel
- 14:00 - Vergadering / demonstrasie of praatjie
- 15:30- Bespreking van bome ("Krit")
  Trekking vir "Raffle".
  Verversings, opruiming en verkas.

Hierdie reëling geld vanaf die Maart-vergadering en Charles sal gevra word om ook om 12:00 by ons aan te sluit om te help met die werkswinkel.

VOORLOPIGE PROGRAM VIR 2009

- **20 Februarie -** Besoek aan lede in Bela Bela en uitstalling by die Lemon & Lime Garden Centre by die Warmbad Water Front.
- **20 Maart** - Charles Ceronio sal terugvoer oor sy oorsese besoeke gee en daarna oor die "Broomstyle" / Besemstyl behandel.
- **9/10 April -** Uitstalling saam met Orgideevereniging by die NG Kerk, Nelson Mandelastraat, Naboomspruit (Voorbereiding van saal - 8 April). Die datum vir die uitstalling saam met die Vlakte Orgideevereniging is gefinaliseer en lede moet hul bome vir die uitstalling begin voorberei. Skakel gerus as julle die inligting hieroor benodig en onthou die praatjie tydens die Februarie-vergadering. Die April-byeenkoms val saam met die uitstalling.
- **8 Mei** - Bonsai-uitstalling by Mokopane Mall (?). Moet nog gefinaliseer word.
- **15 Mei** - Tony Mortimer – Styrofoam pots
- **31 Julie** - Brat-dag: Lede moet help met die werwing van enige items vir die "Raffle" en hulle moet hul bome regkry vir die kompetisie vir die 12 boomkategorieë. Dit is 'n ope-kompetisie vir almal by die dag. Die program is byna gefinaliseer en dit sal daarna aan alle Kaiis en Klubs gestuurword.

DATUMS VAN ANDER GEBEURE IN DIE STREEK

- 29 Mei 2010: Brat by EBS
- 31 Julie 2010: Brat by Waterberg Bonsaiklub.

OOMZAN SE WENK VIR DIE MAAND:

- **Kremetarte:** Hoeveel water moet jou Kremetart bonsai kry? 'n Maklike riglyn – As hy baie blare het, baie water. Min blare, min water en as hy geen blare het nie, kry hy geen water nie.

- **Wortel-oor-rots:** Probeer gerus "**Aqua-soil**" ("water retention & soil conditioner") waneer jy weer 'n wortel-oor-rots aanplanting doen. Meng dit saam met die grond wat jy gaan gebruik vir die aanplanting. Dit help onder andere om vog te bewaar. Meer inligting oor die produk is beskikbaar op die bottel of op die webwerf by http://www.aquasoil.co.za/.

REGISTRASIE VAN DIE KLUB AS 'N NIE-WINSGEWENDE ORGANISASIE

Navraag sal weer by Brat en SABA gedoen word oor die registrasie as 'n nie-winsgewende organisasie.

Dankie vir die persone wat na die tyd gehelp het om op te ruim. Dit word waardeer.

Gee asb die nuusbrief ook vir ander lede / belangstellendes wat jy raakloop.

Komiteel / Commitee: Voorsitter: Hansie Bekker – Tel: 014 743 3238 – E-pos: hansieb@lantic.net.
Onder-Voorsitter: Ian Pringle – Tel: 014 736 5682 – E-pos: pikkian@iafrica.com.
Willus Knipe - 014 743 0909 - E-pos: willusknipe@northweb.co.za
Elize Bekker - 014 743 3238 - E-pos: elizeb@lantic.net.